

wynruit: pln. (*spp. Ruta*, veral *Ruta graveolens*, fam. *Rutaceae*); Ndl. *wijnruit* (Mnl. *wijnrute*, by Kil en vdSch *wijnruyte*), Hd. *weinraute*, ss. v. **wyn** (q.v.) en Ndl. *ruit* (Mnl. *rüte*), Hd. *raute*, Fr. *rue* (wu. Eng. *rue*), uit Lat. *ruta*, Gr. (*h*)*ruté*, vroeër o.a. as spesery en geneesmiddel (vanweë sy bitterheid m. wyn gemeng?) gebr., misk. verb. m. Eng. *rumex*, “suring”.

wynvlieg: 1. muggie-/vliegs. wat deur wyngneur aangetrek word en om wynvate rondvlieg; 2. dronklap, wynsuiper; blb. nie in Ndl. bek. nie.

wys I: b.nw., kundig, verstandig; (ook) kwaai; Ndl. *wijs* (Mnl. *wijs*, in bet. “kwaai” blb. alleen dial.), Hd. *weise*, Eng. *wise*, hou verb. m. ww. **weet** (q.v.).

wys II: — *wyse* —, s.nw., manier; (gram.) modus; Ndl. *wijs/wijze* (Mnl. *wise/wijs*), Hd. *weise*, Eng. *wise*, hou verb. m. **wys I** en **weet**, asook m. Gr. *eidōs*, “soort; voorkoms”; hierby ook Afr. *wysie*, “deuntjie, melodie”.

wys III: ww., (met d. vinger) aandui, toon; Ndl. *wijzen* (Mnl. *wisen*), Hd. *weisen*, vgl. Eng. (*to*) *wit* (= *te wete*), hou verb. m. **weet** en **wys I** en II.

wysbrame/wysbrou(e) v. **wenkbrou**.

wyse v. **wys II**.

wyser: 1. iemand wat iets aanwys; 2. *wyser* m. ww. *wyster*, (gew.) toestel wat iets aandui, albei afl. v. **wys III**, epent. *-t-* soos by *paster*, *waster*, *yster* tussen *s* en 'n vlg. *r*.

wyt: beskuldig, te(n) laste lê; Ndl. *wijten* (Mnl. *witen*, ook *verwiten*, by Kil *verwijten*), Hd. *verweisen* (Mhd. *verwizen*), hou verb. m. **weet** en **wys III**, ouer bet. blb. “die aandag vestig op, aanwys; beskuldig”; v. ook **verwittig**.

wywater: reinigende water (veral by R.K. erediens); v. **wy** en **water**, dift., al dan nie, by *wierook* en *wy(water)*; Ndl. *wijwater*.

X

xantippe: kyfagtige vrou; Ndl. *xantippe*, Eng. *xant(h)ippe*, na d. naam v. Sokrates se (beweerde) rusiemakerige vrou Xanthippe; v. ook **santip**.

X-as: d. horisontale as v. d. absisse in 'n Cartesiaanse stelsel v. vlakkoördinate; Ndl. *X-as*, Eng. *X-axis*.

X-bene: bene waarvan d. knieë na binne staan; Ndl. *X-benen* — in Eng. word v. *knock-knees* gepraat.

xenieë: mv., 1. geskenke vir gaste; 2. hekel-/puntdigte; Ndl. *xeniën*, Eng. *xenium* (ekv.) en *xenia* (mv.), hou verb. m. Gr. *xenos*, “gas(vriend)” en *xenios*, “gasvry”.

xenofobie: vrees vir alles en almal wat “vreemd” is; Ndl. *xenofobie*, Eng. *xenophobia*, eerste lid soos by *xenieë* (in bet. “vreemd”) en tweede lid uit Gr. (ww.) *phobein*, “vrees”, (s.nw.) *phobos*, “vrees”.

xenogamie: kruisbevrugting (d.w.s. “vreemde” dinge saam laat groei); Eng. *xenogamy*, eerste lid soos by *xenieë* en *xenofobie* en tweede lid uit Gr. *gamos*, “huwelik”.

xenokrasie: oorheersing deur vreemdes; Ndl. *xenocratie*, eerste lid soos by wd. m. Gr. *xeno-* en tweede lid uit Gr. *kratia*, “mag”.

xenomanie: verering v. alles wat vreemd is; eerste lid soos by wd. m. Gr. *xeno-* en tweede lid uit Gr. *mania*, “malheid”.

xenon: een v. d. sg. “elemente” (Simbool Xe), intern. so genoem, omdat dit indertyd as “vreemd” beskou is; *xenon* is d. ons. vorm v. Gr. *xenos*, v. wd. m. Gr. *xeno-*.

xerofiet: plant wat in droë omgewing kan groei; Ndl. *xerofyt/-fiet*, Eng. *xerophyte*, hou verb. m. Gr. *xêr(o)-* uit *xêros*, “droog” (vgl. *filloksera*) en tweede lid uit Gr. *phuton*, “plant”.

xeroftalmie: droë toestand v. d. oogappel weens ’n tekort aan vitamien A; Eng. *xerophthalmia*, eerste lid *xêro-* soos by *xerofiet* en tweede lid uit Gr. *ophthalmos*, “oog”.

xerose: besondere droogheid v. dele v. d. liggaam (veral v. d. huid); Eng. *xerosis*, hou verb. m. Gr. *xêro-*, v. **xerofiet** e.a.

X-hakke: na binne gedraaide hakke (in Eng. bek. as *cow hocks*), vgl. *X-bene*.

Xhosa: taal- en volksn. v. groep Bant.; Xh. *um-Xhosa*, mv. *ama-Xhosa*, v. “volk” en *isi-Xhosa* v. “taal” — daar kan (soos gew. i. Bant.) ’n eien. in skuil en d. klank kan deur Hott. beïnv. wees, v. Nien HOTT s.v. **Xhosa**.

xileem: houtgedeelte v. vaatbundels; Ndl. *xyleem*, Eng. *xylem*, hou verb. m. Gr. *xulon*, “hout”.

xileen: ook bek. as *xilol*, skeik. stof wat in teer voorkom; Ndl. *xylol*, Eng. *xylene/xylol*, verb. soos by *xileem*.

xilofoon: bep. slagmusiekinstrument, blb. ook bek. as *houtharmonika*; Ndl. *xylofoon*, Eng. *xylophone*, uit Gr. *xulo-* soos by *xileem* en Gr. *phōne*, “klank, stem”, ben. n.a.v. 35 tot 50 houtbalkies in instrument.

xilograaf: houtsnier, hierby *xilografie*, houtsnykuns; Ndl. *xylograaf*/*-grafie*, Eng. *xylograph(er)-y*, uit Gr. *xulo-* soos by *xileem* en Gr. *graphein*, “skryf” (ouer bet. ong. “in boombas sny”).

xilol v. xileen.

xilolatrie: aanbidding v. houtbeelde; Ndl. *xylolatrie*, hou verb. m. Gr. *xulo-* soos by *xileem* en NT.-Gr. *latrês*, “dienaar, slaaf” (hier ong. “beelddienaar”).

xilologie: leer v. d. hout.; Ndl. *xylogologie*, hou verb. m. Gr. *xulo-* soos by *xileem* en Gr. *logos*, “woord; leer”.

xilometer: toestel om d. kub. inhoud v. ’n stuk hout te bepaal; Ndl. *xyloimeter*, hou verb. m. Gr. *xulo-* soos by *xileem* en Gr. *metron*, “meter”.

xilose: houtsuiker; Eng. *xylose*, hou verb. m. Gr. *xulo-* soos by *xileem*.

xiloteek: versameling houtmonsters, na d. vb. v. *biblioteek*, *disko-teek*, ens.

X-straal: Röntgenstraal (veral v. inwend. med. ondersoek); Eng. *X-ray*, vert. v. Hd. *X-strahl*, deur Röntgen so genoem, omdat d. aard v. d. strale destyds nog betreklik onbek. was (i. d. Wisk. staan x gew. v. d. “onbekende”).

Y

yaleslot: bep. soort slot, genoem na d. Am. ontwerper, Yale.

yankee: Amerikaner; Ndl. en Eng. *yankee*, tot nog toe geen etim. verkl. deur Angliste aanvaar nie.

Y-as: vertikale as, vgl. verder **X-as**.

ydel: b.nw. en bw., ligsinnig; onbeduidend; spogsiek; vrugtelos; doelloos; ledig; niks as; Ndl. *ijdel* (Mnl. *idel*), Hd. *eitel*, Eng. *idle*, “ledig, niksdoende”, verb. hoërop onseker.

ydelruit: behaagsieke pers., fat; Ndl. *ijdelruit*, (sedert 16e eeu) *ydele tuiten*, lg. wsk. in bet. “wufte vroue”, v. ook **ut II**, **tuit**.

yk: s.nw. en ww., merkteken ten bewyse dat mate en gewigte aan d. eise voldoen; (as ww.) aanbring v. sodanige teken; Ndl. *ijk* en *ijken* (Mnl. *ike* en *iken*), Hd. *eiche* en *eichen*, vroeë ontln. aan Lat. *aequāre*, “gelykmaak” (verb. m. Lat. *aequus*, “gelyk”, vgl. Eng. *equal*); in Ndl./Afr. gedift. *i(e)* uit *ē* uit *ae*.

yl I: s.nw. (bv. *in aller yl*), haas; (as) ww. (jou) haas; Ndl. *ijl* en *ijlen* (Mnl. *ile* en *ilen*), Hd. *eile* en *eilen*, hieruit (sedert 17e eeu) *ylings* (by Kil *ijlens*, vgl. Hd. *eilends*), herk. hoërop onseker.

yl II: b.nw., bw. en ww., dun, skraal, versprei; (as ww.) deurmekaar praat/wees (bv. in koorstoestand); (sedert 16e eeu) *ijl* uit *ijdel* (v. *ydel*) en (sedert 18e eeu) *ijlen*, afl. v. yl II, wsk. na vb. v. Ndl. *ijlhoofdig*, “leeghoofdig”.

ylings v. yl I.

yoga: Oosterse filosofie wat individuele gees m. wêreldgees tot 'n eenheid wil laat saamspan; Eng. *yoga*, hou verb. m. Skt. *yunakti*, ong. “hy verbind m. 'n juk”.

yogi: aanhanger, volgeling v. d. wysbegeerte v. **yoga** (q.v.).

youngbessie: plant en vrug (vert. v.) Eng. *youngberry*, genoem na B. M. Young wat ± 1900 i. d. V.S.A. so 'n soort hibr. braambessie gekweek het.

ypsilon: naam v. d. Gr. letter *u* wat aan Lat. *y* beantw. en in Ndl./Afr. *upsilon/ypsilon* genoem word; uitspr. *ieps(i)elon*; = “kaal *u*”.

Y-pyp: Y-vormige pyp; in Eng. *Y-pipe* of *wye* genoem na d. vorm v. d. letter.

ys I: s.nw. en ww., water wat gevries het; (as ww.) tot ys vries; Ndl. *ijs* (Mnl. *ijs*), Hd. *eis*, Eng. *ice* — Ndl. *ijzen* bet. egter “ys opbreek”, herk. verderop onseker; hieruit Ndl. *ijzig*, Afr. *ysig*, “koud”.

ys II: ww., bewe, gru, (terug)skrik; Ndl. *ijzen* (later in Mnl. *isen* uit *eisen* na d. vb. v. *ijs*, vroeër Mnl. en dial. *eisen*), Mhd. *eisen* (Ohd. *egisōn*, Oeng. *eg(esian)*, “dreig, vrees inboesem”, Got. *agis*, “skrik” en “vrees”), hou verb. m. Gr. *αχος*, “leed”, en *αχomai*, “ek treur”; hieruit *yslik*, “groot, skrikwekkend”; Ndl. *ijselijk* (Mnl. *iselijc/eiselijc*, Oeng. *egeslic*, “verskriklik”).

ysbeen: heupbeen; Ndl. *ijsbeen* (Mnl. *isebeen/ijsbeen*), Hd. *eisbein*, Eng. *aitch-bone* (mntl. via ouer Fr. en Ll. *natica*, uit Lat. *natis*, “heup”), maar ook volkset. *edge-bone* en dial. *ice-bone*, waarin sommige etim. 'n vervorming sien v. Lat. *ischium* en Gr. *ισχion*,

“heup”, terwyl ander meen dat ons in *ysbeen* ’n ss. het v. *ys* I en *been*, n.a.v. *bene* wat gebr. is om op *ys* te skaats (waarby heup=*bene* dan ’n rol gespeel het?).

+ **ysel**: yskors; Ndl. *ijzel* (by Kil *ijsel/hijzel*, reeds Mnl. *īsel/hīsel*), hou verb. m. *ys* I.

yser v. **yster**.

ysig v. *ys* I.

yslik v. *ys* II.

yster: — (fig. en as attr. b.n.w.) *yser* —, bek. swaar metaal; Ndl. *ijzer* (Mnl. *īser/īsen*, vgl. lg. m. Hd. *eisen*, by vRieb *iser/izer/yser*), Eng. *iron*, wsk. deur Germ. aan Kel. ontl. (vgl. Ie. *iarn*, “yster”) wat dit weer misk. v. Ill. gekry het, maar daar is ook ander moontlikhede; Afr. epent. -*t*- tussen *s* en *r* soos by *paster*, *waster*, *wyster*, ens.; een v. d. “elemente” (Simbool Fe).

ysterbyter v. **ystervreter**.

ysterhout: pln. (*Olea capensis*, fam. *Oleaceae*), reeds by vRieb (Scho PD 17, Mar 41–2, 124), v. ook *baster-*, *swart-* en *wityster-hout*.

ysterhoutbos: pln. (*Dodonaea thunbergiana*, fam. *Sapindaceae*), Mar 42 *ijzerhoutbos*, maar 117 *bos-ijzerhout*.

ysterklou: in verbg.: — *in die grond slaan*; dit bet. vir sommige sprekers/skrywers, soos vir Wik, “wegvlug” (v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 37), maar vir ander “vastrap” n.a.v. die dierestorie waarin Wolf moes vastrap om nie deur die “dooie” perd (vlg. Jakkals se voorstelling) weggesleep te word nie (v. Malh DF AS 360–1).

ysterlees v. lees II, oorlees.

+ **ysterperd**: 1. fiets/rywiel; 2. lokomotief; dié wd. het diens gedoen i. d. tyd toe d. betrokke dinge nog nuwighede was, later ondersk. vervang d. *baiesukkel*, *rywiel* en *fiets*; *enjin* en *lokomotief*.

ystertydperk: laaste tydperk uit d. oertyd toe metale uitgegrawe en bewerk is, wetensk. bek. as d. Argeosoïkum.

ystervark: bek. diers. m. steekpenne (*spp. Hystrix*, fam. *Hystricidae*); i. Ndl. bek. as *stekelvarken* en i. Eng. as *porcupine*, maar i. 17e-eeuse Ndl. kom o.a. voor *yserenvarcken/-vercken/yser vercken* (o.a. WNT III 3961 s.v. *egel*), ook as soortn. v. bep. Overysselse vaartuie en in dial. Ndl. (o.a. by Boek ZV 1107, 1365), in S.A. by vRieb (Scho PD 13) en by Bog (104), v. ook Bosh VT 114, 198.

ystervreter: soms in geringe mate ondersk. v. *ysterbyter*, soms nie, o.a. “dapper soldaat; goeie vegter; oud-stryder; in SNdl. *ijzer=bijter*, “grimmige/nors mens”; in Ndl. *ijzervreter*, “geharde/ruwe krygsman; vegtersbaas”.

ystyd(perk): geologiese tyd(perk) toe ’n groot deel v. d. aarde in gematigde streke nog m. ys bedek was (in Eng. bek. as *ice age*, *glacial period*); Ndl. *ijstijd(perk)*.

ysvoël: meer as een soort seevoël (*Alcedo ispida*, *Dacelo gigas*, fam. *Alcedinidae*); Ndl. *ijsvogel*.

ytterbium: een v. d. sg. “elemente” (Simbool Yb); intern. so genoem na d. pleknaam Ytterby in Swede.

yttrium: een v. d. sg. “elemente” (Simbool Y); intern. so genoem na d. vb. v. *lithia: lithium* : : *yttria: yttrium*, wat soos *ytterbium* ook verb. hou m. d. pleknaam Ytterby in Swede.

ywer: s.nw. en ww., geesdrif; (as ww.) geesdriftig strewe/werk; Ndl. (sedert 16e eeu) *ijver* en *ijveren*, wsk. ontl. aan Hd. *eifer* en *eifern*; hieruit eers Ndl. *ijverig*, Afr. *ywerig* en dan Ndl. (17e eeu) *ijverzucht* en (18e eeu) *ijverzuchtig* uit Hd. *eifersucht* en *eifersüchtig*, Afr. *ywersug* en *ywersugtig* (vgl. ook sug II, *sugsloot* en *watersug*); v. + *iewerig*, *nywerheid*.

Z

ZAR: lettn. vir Zuid Afrikaansche Republiek.

zaratiet: ’n waterhoudende basiese nikkkelkarbonaat; Sp. *zaratita* (wu. Eng. *zaratite*) genoem na 19e-eeuse Spanjaard señor Zarate — suf. *-iet* gew. by geol. ben.

ZARP: lettn. vir lid en/of liggaam v. d. Zuid Afrikaansche Republiek Politie voor d. Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902).

ZASM: lettn. vir Zuid Afrikaansche Spoorweg-maatschappij, vgl. **ZARP**.

zeppelin: met gas gevulde ballonvliegtuig, genoem na graaf Ferdinand von Zeppelin († 1917).

zero v. sero.

zeuneriet: bep. mineraal, genoem na Du. fisisis en ir. G. Zeuner († 1907) m. suf. *-iet* soos by *zaratiet*; Eng. *zeunerite*, Hd. *zeunerit*.

zinkeniet: bep. mineraal, genoem na Du. mineraloog K. L. Zinken († 1862) m. suf. *-iet*; Eng. *zin(c)kenite*, Hd. *zinkenit*.

zinnwaldiet: bep. mineraal, genoem na vindplek Zinnwald in Boheme; Eng. *zinnwaldite*, suf. soos by ander dgl. ben., Hd. *zinnwaldit*.

zippefet: bep. mineraal, genoem na Oostenrykse mineraloog F. X. M. Zippe († 1863) m. suf. *-iet* (soos hierbo); Eng. *zippeite*, Hd. *zippeit*.

zits: s.nw. en ww., onverwagte steek v. 'n by; geluid d. stekende by gemaak; (as ww.) onverwags steek (soos 'n by), kn.

Zoeloe v. Zulu.

zoem: s.nw. en ww., gonsende klank deur by gemaak; so 'n klank maak, kn.

zoisiet: bep. mineraal, genoem na Slowe. edelman baron Sigismund Zois von Edelstein († 1819) m. suf. *-iet*; Eng. *zoisite*, Hd. *zoisit*.

Zulu: — *Zoeloe* — , taal- en volksn. v. groep Bant.; Zu. *u(m)-Zulu*, mv. *ama-Zulu*, v. "volk" en *isi-Zulu* v. "taal", daar kan (soos gew. in Bant.) 'n eien. in skuil (v. Bryant Dict.)

zunjiet: bep. mineraal, genoem na vindplek by Suñimyn by Silverton, Colorado, m. suf. *-iet*; Eng. *zunyite*.

Z-yster: Z-vormige stuk yster.

